View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online



**Phillip Louw (Senior Redakteur/Senior Editor).** *Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*. 2007, xii + 578 pp. ISBN 978 0 19 578742 9. Kaapstad/Cape Town: Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd. Prys/Price: R99.95.

Die *Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek* is as *skool*woordeboek 'n puik hulpbron vir leerders. Dit is egter meer as net 'n woordeboek, soos wat 'n oorsig dadelik toon.

Na die titel- en inhoudbladsy word 'n dubbelblad **Woordeboekkenmerke/Dictionary features**, aangebied wat in ander publikasies van dié aard as die *artikeluitleg* bekendstaan. Dit is kenmerkend 'n afbeelding van 'n dubbelblad uit die boek waarin die vernaamste kenmerke met pyltjies aangedui en verklaar word.

Die inleiding verstrek onder meer die oorwegings by die saamstel van die werk. Een daarvan is om met die lemmas en uitdrukkings hedendaagse gebruikswyses en aangeleenthede te weerspieël. Hierdie voorwerk is sorgvuldig beplan.

Wat die hoofdeel betref: Soos wat al gebruik geword het, plaas voorbeeldsinne, en nie definisies nie, die lemmas in konteks; dié sinne word in albei dele van die woordeboek in albei tale aangebied (met 'n klompie hiate wat later bespreek word).

Tussen die Afrikaanse en Engelse deel is 'n **Studieafdeling/Study section** ingesluit wat die nut van die werk verhoog. Dit bevat oefeninge om 'n woordeboek te leer gebruik — 'n aspek wat min of geen aandag op skool kry nie; voorbeelde van 'n formele en informele e-posboodskap en -brief en 'n nuttige nuwigheid: 'n tabel met SMS-taal wat veral die taalgebruik op selfone van vandag se jeug weerspieël. Dit bestaan uit die kortpaaie wat geneem kan word om hierdie bydertydse manier van kommunikasie te bespoedig. Voorbeelde is: *n* vir die woord *en*, *8nee* vir *ag nee*, *kani* vir *kannie* en dergelike meer. (Die Engelse tabel bevat, soos verwag sou word, talle meer voorbeelde.)

Nog 'n nuutjie is die sogenaamde *emosikone*: simbole wat kan wys hoe die skrywer voel, byvoorbeeld "gelukkig" word uitgebeeld met 'n glimlag of lag op 'n gesiggie wat dwars gedraai is [:-)], [:-D], en "ongelukkig" met 'n gesiggie wat lyk asof dit huil [:-(].

Leestekens en basiese spelreëls gaan die Engelse kant van die woordeboek vooraf.

Hierdie veelheid van inligting word nog verder uitgebrei deur 'n **Verwysingsafdeling/Reference section** aan die einde wat afbeeldings van verskillende diere bevat, asook van groente en vrugte, die menslike liggaam en sport. 'n Kaart van Suid-Afrika met die provinsies, inligting oor Suid-Afrikaanse tale, 'n temareeks (maande, dae, datums, die sonnestelsel, openbare vakansiedae, seisoene, breuke en simbole), en afdelings oor getalle, en mate en gewigte sluit die werk af.

Oxford maak daarop aanspraak dat die woordeboek goedgekeur is vir gebruik in Suid-Afrikaanse skole en dit is maklik om te sien waarom — dit is 'n puik hulpmiddel vir leerders.

Die leksikografiese notas wat in hierdie resensie volg, moet gesien word met die teikenmark in gedagte. Daarmee word bedoel dat die leerder (en ook die deursnee-opvoeder) waarskynlik nie die leksikografiese hoogtepunte en 'ongelykhede' (om dit nie 'foute' te noem nie) by die praktiese gebruik van die boek sal raaksien nie. Laasgenoemde word hier dan ook aangebied vir oorweging by 'n volgende druk.

Eerstens enkele opmerkings rakende die andersins uitstekende voorwerk, "middelwerk" en agterwerk. Op bl. iv verskyn een van min setfoute wat teengekom is, naamlik *Nuttige frases **and** idiome* in plaas van ***en***, en op bl. 571 kom *Fase van onderwys* voor in plaas van ***Fases*** (*AOO* en *VOO/GET* en *VET,* in die Afrikaanse en Engelse uiteensettings onderskeidelik, word egter nêrens verklaar nie). Op bl. S15 word by homofone verwys na *fier/vier* en *peil/pyl*, maar ook **fyf/vyf*. Miskien is *fuif* in plaas van *fyf* bedoel, maar ook dié ontronding laat dit nie as homofoon kwalifiseer nie. Verder word op bl. viii *Woordeboek Werkboek* as twee woorde in plaas van een geskryf.

'n Inskrywing op bl. x (in Afrikaans) en ook so vertaal (op bl. xii) wat sekerlik 'n verskrywing is, is: 'Vir die meeste Engelse werkwoorde is die *verlede deelwoord* en die *teenwoordige deelwoord* dieselfde [my kursivering]. Dit is nie moontlik nie: die morfologie in die boek wys ook dat die bedoeling was dat die *eenvoudige verlede tyd* en die *verlede deelwoord* in verreweg die meeste gevalle dieselfde is, bv. *play* (*playing, played*).

'n Ander lastigheid (wat ook in die lemmakorpus na vore kom) is die gebruik van *onderwyser(es)* (bl. S2) in plaas van *opvoeder*; dit is veral opvallend omdat die (tans korrekte en voorgeskrewe) *leerder* wel deurgaans gebruik word. *Opvoeder* is ook nie aan die Afrikaanse kant opgeneem nie. Dié nuwe benaminge kom uit artikel 1 (die woordomskrywingsartikel) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet no. 84 van 1996.

Nou na die makrostruktuur. Die keuse van lemmas (altyd 'n netelige saak) is by skoolwoordeboeke 'n groter probleem as by algemene woordeboeke. In Oxford se geval is daar met groot oorleg gewerk en die resultaat vir beide Afrikaans en Engels is bevredigend. Die oorweging om hedendaagse woorde en uitdrukkings op te neem wat met bydertydse aangeleenthede verband hou, vind stewig neerslag in die lemmakorpus. Daar is ook versigtig en suinig te werk gegaan met samestellings, en dié wat ingesluit is, het 'n hoë gebruiksfrekwensie by die jonger geslag. Voorbeelde van Afrikaanse lemmas wat opgeneem is, is:

die voornaamwoorde **daaraan**, **daardeur**, **daarin**, **daarmee**, **daaronder**, **daarop**, **daarteen**, **waarby**, **waardeur**, en **waarin** wat 'n welkome bevestiging is dat die korrekte Afrikaanse manier nog nie deur die Engels beïnvloede **aan dit*, **deur dit*, e.s.m. verdring is nie;

**diens** (motor) (Engels *service*) is reeds opgeneem in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) en kan nou maar die ongebruiklike *versien* vervang;

**dis** (Engels *dish*) vir die puristiese *gereg* (ook AWS);

**fynbos** (omdat die Afrikaans ook in Engels gebruik word);
**gemeen** — *iets* ***in*** *gemeen hê*: ook reeds deur die Taalkommissie aanvaar naas *iets gemeen hê*;
**jonk** en **lank** (wat tot dusver in die AWS ontbreek het: die konsonantwysiging in verboë vorme soos *jonge* en *lange* word hiermee goed belig);
**langtermyn**- ('n nuttige koppeltekenlemma wat dié soort samestellings toelig, byvoorbeeld **langtermynprojek**);
**lewenstandaard** (sonder die -*ss*-, dit wil sê nie **lewensstandaard* nie, wat menige skrywer laat struikel);
**muffin** — aan die Afrikaanse kant opgeneem; by **kolwyntjie** word *cupcake* gegee, maar by **cup-cake** die foutiewe spelling *kolwynkie*;
**ooit** — wat die opname van 'n uitdrukking soos *die beste ooit* naas *die beste tot nog toe* moontlik maak; en
**sigblad** (Engels *spreadsheet*).

'n Hiaat wat opval is dat die wiskundeterm **parallelogram** (Afrikaans) opgeneem is met die voorbeeldsin: ''n **Parallelogram** se teenoorstaande sye is parallel en ewe lank.' Die lemma **parallel** ontbreek egter, wat die voorbeeldsin onduidelik maak. Aan die Engelse kant is **parallel** en **parallelogram** opgeneem, en die Afrikaanse voorbeeldsin by laasgenoemde is: *'n Parallelogram is 'n vorm met vier sye en die teenoorgestelde sye en hoeke gelyk* — wat die betekenis van die lemma dus verduidelik.

Die opmerkings vir Afrikaans geld ook die Engels. Een besonder puik geval is die hantering van **then**. Daar word duidelik onderskei tussen Afrikaanse toekomende tyd *dan* en verlede tyd *toe* — 'n sjibbolet vir Engelse moedertaalsprekers wat Afrikaans aanleer.

Onder die letter Z is geen lemmas opgeneem nie; een wat nuttige leiding kon gee is **zero** omdat die Engelse *zero* 'n tyd lank as **sero* vertaal is. (Die wisseling *sero/zero* word egter wel op bl. 574 gegee.)

Daar is etlike gevalle waar die woordeboek nie "sluit" nie, dit wil sê waar lemmas in die een taal verskyn maar in die ander ontbreek. Dit is moontlik daaraan toe te skryf dat 'n frekwensietelling gebruik is en dat die sê nou maar gebruiklikste 6 000 woorde in Afrikaans nie noodwendig die gebruiklikste 6 000 woorde in Engels is nie, maar omdat dit nêrens vermeld word nie, bly dit vir die oningeligte dus 'n tekortkoming. Lukrake voorbeelde is Engels **ozone**, **parrot**, **pear**, **pea**, **peach**, **pineapple**, **placenta**, **plenty** en **rat** waarvan die vertalings nie aan die Afrikaanse kant verskyn nie; daarteenoor ontbreek byvoorbeeld Afrikaans **kontrasterend** se vertaling *contrasting* ook. (By hierdie lemmas is ook voorbeeldsinne nie opgeneem nie.)

Die AWS is ongelukkig in 'n aantal gevalle by die opname van lemmas nie geraadpleeg nie: **buurt** is opgeneem, die wisselvorm **buurte** nie; die koppeltekenlemma **chrono-** is opgeneem, **krono-** nie; **professioneel/professional** is slegs as byvoeglike naamwoord opgeneem, nie ook as selfstandige naamwoord nie. Daar is ook nie eenvormigheid in die morfologiepatroon van sommige ver-

lede deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde gebruik word en volgens die AWS met of sonder slot-**d** geskryf word nie, byvoorbeeld: **gebalanseerd** moet wees **gebalanseer(d)**, soos in die geval van **geïnteresseer(d), geklee(d)** en **uitgebrei(d)**; **gedifferensieer** moet wees **gedifferensieer(d).** By **gespesialiseer** is die wisselvorm **gespesialiseerd** apart opgeneem, en so ook by **gestrem gestremd.**

Dit is ook jammer dat **dagvaar** se afgeleide selfstandige naamwoord **dagvaarding** nie verskyn nie, aangesien die polemiek oor *dagvaarding/*dagvaardiging* reeds 'n paar dekades lank duur.

Waar daar talle wisselvorme in Afrikaans is, is hulle in dié woordeboek tereg beperk. Een wat opvallend bydertyds is en reeds in die AWS verskyn, is die selfstandige naamwoord **gemiddeld** met die wisselvorm **gemiddelde**.

Algemeen gebruiklike afkortings (met die volvorm daarby) is opgeneem, byvoorbeeld **dr.**, **FM**, **ens.**, **DNS**, **Vigs**, **MIV**, **nm.**, **vm.**, **v.C.**, **n.C.**, **OTM**, **SMS**; dieselfde geld prefikse wat as koppeltekenlemmas verskyn, byvoorbeeld **pro-**, **self-**, **sub-**, **super-**, **teen-**, **twee-**.

Godsdienstige dae waarvan die name opgeneem is, verteenwoordig uiteenlopende religieuse stelsels: **Chanoeka**, **Rosh Hashana** (maar die heiligste dag vir die Jode en een van die gebruiklikste, **Jom Kippoer**, ontbreek); **Eid**, **Ramadan** (die AWS het slegs die spelling *Ramadaan*); **Diwali** (die AWS gee *Divali* en *Dipavali*).

Die mikrostruktuur is deeglik beplan, veral wat die volgende aspekte betref:

(a) Morfologiese ingrepe soos *-e, -er, -ste* is nie gebruik nie; meervoude, verkleiningsvorme en trappe van vergelyking is voluit gegee, dus **kam**, **kamme** (Engels **comb**, **combs**); **gat**, **gaatjie** (ook gawe leiding oor die verdubbeling van die vokaal); **bly**[2], **blye**, **blyer**, **die blyste**. Laasgenoemde vorm verteenwoordig 'n deurbraak in Afrikaanse woordeboeke. Die tradisionele, gevestigde aanduiding van die trappe van vergelyking in die AWS en sommige Afrikaanse woordeboeke is deur afleiding met *-er* of *meer —*, *-ste* of *mees -e*, byvoorbeeld *deurdringend, -er* of *meer —*, *-ste* of *mees -e.* Die aanduiding van die oortreffende trap met weglating van die lidwoord *die* is ten beste misleidend en ten slegste foutief. Dit vorm 'n integrale deel van die oortreffende trap in Afrikaans. Dit is jammer dat dié puik voorbeeld nie deurgedra is na bl. S15 vir die voorbeeld *goed, beter, beste* nie.

(b) Voorbeeldsinne is oor die algemeen goed gekies en in die meeste gevalle laat dit die betekenis duidelik blyk. Voorbeelde is: **boord**[1] — Daar is 'n klomp appelbome in die **boord**. *There are a lot of apple trees in the orchard;* **redakteur** — Wie is die **redakteur** van daardie koerant? *Who is the editor of that newspaper?* Enkele voorbeeldsinne is egter niksseggend en kan met 'n bietjie aandag verbeter word, byvoorbeeld **skirt** (Engels) — My new **skirt** is very pretty. *My nuwe romp is pragtig* (wat van talle ander voor-

werpe gesê kan word). Iets soos: *My nuwe romp pas by my bloes* sou die betekenis beter laat blyk het. (Dié voorbeeld is van die Engelse kant aangehaal omdat die voorbeeldsinne nie aan die Afrikaanse kant ingesluit is nie — 'n verskynsel waaroor hieronder meer gesê word.)

(c) Uitdrukkings is tot die essensiële beperk, byvoorbeeld **van gunste en gawes leef**, **tussen hakies**, **kans vat**, **per ongeluk**, **net vel en been wees**, **stille vennoot** en dergelike meer.

(d) Opmerkings aan die einde van sekere lemmas gee goeie leiding, byvoorbeeld by **meubels** 'n nota dat die enkelvoud **meubelstuk** is; by **pens** dat dié woord net in verband met diere gebruik word.

In die voorwerk onder **Woordeboekkenmerke/Dictionary features** (bl. v) word aangedui dat voorbeeldsinne by bykans elke trefwoord gegee word. Dit is inderdaad so, maar daar is hiate wat moeilik verklaar kan word. Byvoorbeeld: **blokfluit** het geen voorbeeldsinne nie, die Engelse **recorder** wel en in albei tale; dit geld ook **drom**, **dwarsfluit**, **ekologie**, **ekwivalent**, **inmeng**, **koolsuurgas**, **korrupteer**, **kraag**, **kous**, **marimba**, **masjien**, **nuuskierig**, **ontsteking**, **portuur**, **snoesig** en andere. Die teenoorgestelde geld ook: **monster** aan die Engelse kant het geen voorbeeldsinne nie, die Afrikaanse **monster** het wel en in albei tale.

Die opname van **metafoor/metaphor** sonder voorbeeldsinne het 'n geleentheid laat verbygaan om 'n moeilike taalkundige begrip vir leerders te verduidelik. Die oorbekende voorbeeld kon maar weer ingespan gewees het: *As 'n mens die kameel die 'skip van die woestyn' noem, is dit 'n metafoor; die kameel* ***is*** *nie 'n skip nie, maar* ***soos*** *'n skip*. Dit geld ook die afwesigheid van voorbeeldsinne by **vergelyking/simile**.

Die morfologie van sekere lemmas verskil van die AWS, byvoorbeeld **fliek** het as meervoud slegs **flieke**, nie ook **flieks** nie. By tweelettergrepige werkwoorde op *-eer* is daar ook inkonsekwensies: **hanteer (het gehanteer)**, **loseer (het geloseer)**, **regeer (het geregeer)**, **waardeer (het waardeer** — waar die **ge-** skielik ontbreek), maar **probeer** (**het probeer** of **het geprobeer**). Hierteenoor is werkwoorde met drie of meer lettergrepe wat op *-eer* eindig heeltemal korrek (ge)hanteer, byvoorbeeld **het gefotokopieer**, **geïdentifiseer**, **geïgnoreer**, **geïllustreer**, **gekwalifiseer**. (By **kampeer** is die verlede tyd aangedui as **het gekamp** — sonder die **-eer**.)

Die indruk wat hierdie publikasie maak, is dat dit soos ander Oxford-woordeboeke netjies en nuttig is en sy prys werd is; die leksikografiese ongelykhede behoort egter in 'n volgende uitgawe reggestel te word.

Anton F. Prinsloo
*Johannesburg*
*(prinsa@worldonline.co.za)*